# SAAD IN DIE GROND (Tiende)

TEMA: **Tiende en word Geseën**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: PSALM 50:9 - 13

Die mens het nie saad in die grond nie.

Predikers haal maklik Skrifgedeeltes aan, maar vir elke belofte is daar 'n voorwaarde. As ons die voorwaarde nakom en die gedeelte van die Logos Woord deur ons lewend maak, sal ons die vrug in ons lewe sien. Die spreekwoord lui: "*Cast your bread upon the water and after many days it will return to you*". As ons die saad saai, sal ons na 'n tydperk die vrug in ons lewe sien realiseer. Psalm 50 gaan oor die ware godsdiens. Lees die hele Psalm.

**Psalm 50: 9 Ek hoef uit jou huis geen stier te neem of bokke uit jou krale nie;**

**Psalm 50: 10 want al die wilde diere van die bos is myne, die vee op berge by duisende.**

**Psalm 50: 11 Ek ken al die voëls van die berge, en wat roer op die veld, is van My.**

**Psalm 50: 12 As Ek honger het, sal Ek jou dit nie sê nie; want die wêreld is myne en sy volheid.**

**Psalm 50: 13 Sou Ek vleis van stiere eet of bloed van bokke drink?**

-o0o-

### Wat sê die Here hier?

- Hy sê dat Hy niks van jou benodig nie.
- Daar is niks wat jy vir Hom kan gee nie.
- Hy het nie 'n behoefte nie.
- Hy is die volmaakte Almagtige God.

Die Here sê dat hierdie goed in elk geval alles van Hom kom, so waarom sal Hy dan nou vir jou iets vra wat Hy nodig het?

**Psalm 50: 14 Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste**
Jy moet die Here loof met 'n dankoffer vir dit wat Hy vir jou gegee het. Dit is nie 'n keuse nie, dit is 'n bevel. As ons dankie sê, dan sê Hy

**Psalm 50: 15 en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.**
Dit is nie net *roep My aan in die dag van benoudheid* nie, nee.

- Gee jou dankoffers aan God en gee jou offers aan die Here.
- Eers nadat jy dit gedoen het, het jy die reg om die Here aan te roep in die dag van benoudheid.

-o0o-

## TIENDE BEGINSEL

Die Here het vanoggend, terwyl ek besig was met die saak, vir my so ‘n wonderlike gedagte gegee.

Hy het gesê: *“Gert, Ek het vir julle almal tien sakke mielies gegee. Ek het vir jou gesê dat nege joune is. Saai vir My een sak, sodat jy ’n oes kan hê. Die man wat een sak gesaai het, het ’n honderd sakke gekry. Hy moet negentig sakke hou en vir My tien sakke saai. Die man saai tien sakke en dan kry hy tien duisend sakke. Nou is nege duisend sakke joune”.*

Jy sien hoe vermeerder ons ons eie oeste deur reg te saai? Nou kom die ouens eet hulle saad op en sê, *“Nee ek gaan nie vir die Here daardie tiende gee nie, ek gaan nie vir die Here daardie offer saai nie. Ek eet al my saad op*”. Dit is waarom mense arm bly en in die toestand verkeer waarin hulle is.

Ek het ook, op ‘n stadium, regtig niks gehad nie! Die Here het my gestroop van alles en ek moes noodgedwonge hierdie beginsel van tiende gee, van die begin af geleer.

- Ek moes toffie appels en neute in pakkies opmaak en aan kafees en mense gaan verkoop.
- As ek R50 op ‘n dag gemaak het, het ek R5 in die blikkie gesit. Die Here het gesê: “Nou sal Ek jou leer”.
- Die Here het my eers na tien of elf maande, waar ek regtig geen inkomste gehad het nie, uit daardie gat gehaal, maar die Here het vir ons gesorg. Hy het met ‘n klop aan die deur vir ons gesorg – mense het vir ons kos bring, iemand bring vir ons groente, ‘n ander persoon at vir ons ’n geldjie bring Ons het nooit ‘n dagvaardiging gekry nie. Ons skuld het nooit agterstallig geraak nie.
- Ek moes die beginsel van om te **saai** leer.

### JOODSE BEGINSEL

Weet julle hoe werk die Jood?

Die Here het vir my daardie tyd geleer om vooraf vas te stel wat my behoefte, nie begeerte nie, maar my **behoefte**, vir die volgende jaar sou wees.

- Ek moes begroot hoeveel geld ek sou benodig.
- Die Here het toe vir my gesê om dit al hierdie jaar te saai, sodat ek volgende jaar daardie oes kan afhaal.
- My hele besigheid wat ek daardie tyd gehad het, het op daardie beginsel gewerk.
- As ek vir die volgende jaar ongeveer twintig persent (20%) meer opbrengs benodig as die huidige boekjaar, dan het ek alreeds in hierdie jaar 20% meer gegee. Ek kan julle belowe, wanneer volgende jaar gekom het, was daar ‘n twintig persent verhoging in my opbrengs, elke jaar.
- Ek het dit ‘n beginsel gemaak en toegepas.
- Ek het nooit geweet dat die Jood so met sy finansies werk nie, maar dit is hoe ‘n mens dit moet doen.

### VERTROUE

Die Here stuur vanmôre hierdie boodskap uit. Daar is mense wat krepeer; daar is mense wat regtig swaar kry, maar, weet jy wat? **Daardie swaar kry is eintlik jou eie skuld, nie God se skuld nie**. Die Here het gekom sodat ons lewe in oorvloed kan hê, maar as jy nie betroubaar is en God kan vertrou met daardie een sak mielies nie, sal die Here jou nooit weer kan vertrou met die tien nie. Die Here het jou reeds vertrou met tien.

-o0o-

Hoor mooi! **Die Here het jou reeds vertrou met tien**. Al wat Hy sê is dat jy nou moet werk met dit. *"Daar is My land. Saai een sak in daardie land sodat jy volgende jaar 'n oes kan hê, want die saad van daardie een sak is genoeg om jou oeste volgende jaar tienvoudig, soms honderdvoudig, te verdubbe*l".

In die Naam van die Here, dra ek vanmôre dra net hierdie boodskap oor.

Dit is 'n eenvoudige boodskap om te verstaan. Dit is nou in jou hande wat jy daarmee gaan maak.

Ons kan nie almal help nie. Wat ek moet doen is om vir jou die **beginsels van die Woord** te leer. As jy die Woord ken, sal die waarheid jou vrymaak en dan kan satan geen houvas op jou hê nie.

Mag dit vir julle geseënd wees.

-o0o-